Sondag 21 Junie

Skrifgedeelte: Galasiërs 3:21 – 4:20; Judas:1-25

Fokusgedeelte: Galasiërs 4:4, 5

## Dwaalleer bedreig jou kindskap

Die brief aan die Galasiërs staan onder gereformeerdes as die oorlogskreet van die Reformasie bekend. Soos 'n kroonjuweel staan die brief uit as 'n kreet dat ons ewige redding 'n geskenk van God is.

In die geskiedenis van die kerk is daar voortdurend pogings om die eenvoudige leer van verlossing deur God se genade in Christus te verdraai of te verdring. Een van die bekendste dwaalleringe staan bekend as die sogenaamde wettisisme. Wettisiste glo dat hulle in hulle verhouding tot God deur hulle onderhouding van die wet geregverdig word. Hierdie dwaalleer is die hoofsaak waaroor die brief aan die Galasiërs gaan.

Die apostel Paulus is intens kwaad, daar is by hom 'n heilige woede dat die gemeentes in Galasië hulle ore uitleen aan die dwaalleraars (vgl. Gal. 3:1). In Galasiërs 4:4, 5 stel die apostel die kern van die suiwer evangelie kernagtig. Jesus word uit 'n vrou gebore om volledig mens te wees. Jesus moes as mens die wet volmaak in ons plek nakom, en tegelyk moes God die sonde van die mens aan 'n mens straf. Sy geregtigheid vereis dit.

Juis daarom moes Jesus tegelyk volledig God wees. Anders sou God se geregtigheid Hom verteer. Die enigste bevoegde en gesagvolle Persoon om hierdie taak te verrig, is Jesus Christus. Deur die geloof in Jesus dat Hy die Seun van God is en die Verlosser word jy kind van God. Die wettisisme wil jou van dié waarheid vervreem en jou van jou kindskap beroof. Hou aan om na die getuienis van die Gees te luister. Hy getuig van Jesus in jou hart en daarom kan Hy in jou roep: "Abba, Vader."

Pas egter op vir presies die teenoorgestelde dwaalleer as die wettisisme – die sogenaamde antinomianisme (anti-wet)! Judas, die broer van Jesus, waarsku in sy brief teen die antonomianisme. Hy sê dat ons versigtig moet wees om nie God se genade as dekmantel te misbruik om losbandig te lewe nie (Jud.:4). Dieselfde Gees van God wat ons laat roep "Abba, Vader", leer ons ook om dankbaar vir ons verlossing in Christus Jesus te leef. En ons dankbaarheid is deur die wet!

*Sing: Skrifberyming 2-4:1-3*

*Ds. JL (Louis) Aucamp (Emeritus)*